PSALM 3 : Hulp kom net van die Here af

'n Psalm van Dawid toe hy vir sy seun Absalom gevlug het.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: H Pieter van der Westhuizen 2001

Refrein



Voorg: Ek het so baie vyande, Here! Baie kom in opstand teen my.
Daar is talle wat vir my sê: "Van God kom daar vir hom geen hulp nie!"
Maar U, Here, beskerm my aan alle kante, U herstel my eer en aansien.
As ek na die Here roep, antwoord Hy my van sy heilige berg af.

Refrein: Ons hulp kom van die Here af.

Voorg: As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my.
Ek is nie bang vir die duisende mense wat van alle kante af op my toesak nie.
Kom tog, Here, help my, my God!
U het nog altyd my vyande se mag gebreek,
U het die aanval van die goddelose afgeslaan.

Refrein: Ons hulp kom van die Here af.

Voorg: Hulp kom net van die Here af. U laat dit goed gaan met u volk.

Refrein: Ons hulp kom van die Here af.